Bouwerk is in volle gang by die Wedgewood-gholflandgoed buite Port Elizabeth. Foto: RIANA DE LANGE

Wedgewood-gholflandgoed buite PE is in rep en roer

Riana de Lange, Port Elizabeth

Die perseel van die nuwe Wedgewood-gholflandgoed hier is 'n miernes van bedrywigheid met 36 vragmotors en toerusting soos slootgrawers wat op die perseel aan die werk is.

Siviele en boukontrakteurs asook kundige gholfbaanbouers is besig op dié landgoed, wat teen R1,2 miljard ontwikkel word. Die span is sowat twee weke voor skedule, het mnr. Warren Page, verkoopsagent, gesê.

Dié ontwikkeling, deur Pinnacle Point Holdings, behels 485 residensiële erwe om die 18-putjie-gholfbaan, 'n aftree-oord met 307 huise, 'n winkelsentrum en 'n boetiekhotel met 40 kamers. Dit is die eerste ontwikkeling in sy soort in die Port Elizabeth-omgewing.

Uitgrawingswerk aan paaie in fase een het ver gevorder en die meeste waterpunte en rioolaansluitings is getoets.

Tot dusver is 18 km pype aangelê en 4,5 ton plofstof gebruik om 4 500 m³ rots te verwyder. Sowat 48 000 m³-oorskietgrond is verwyder.

Die toegangshek en grensmuur aan Kaapweg behoort teen middel September voltooi te wees. Bouwerk aan die nuwe klubhuis, teen R20 miljoen, sal in Oktober begin.

Veranderinge aan die gholfbaan – met 'n baansyfer van 72 – sal R25 miljoen beloop en behels onder meer die bou van vyf groot mere en vier damme. Van die afslaanbowwe en setperke sal ook verander word.

By voltooiing sal 110 000 m³ materiaal verskuif wees.

Hoewel die gholfbaan nou gesluit is, kan spelers hul tande slyp vir wanneer die baan in November 2008 sal heropen.

Sowat 3 000 inheemse bome sal geplant word in die plek van die talle uitheemse spesies wat tydens die bouproses verwyder sal word.

Klem word daarop geplaas om vroue en jongmense uit die onmiddellike omgewing, en uit die res van die streek in diens te neem, het 'n woordvoerder van die ontwikkelaar gesê.

Volgens Page neem belangstelling onder kopers vinnig toe. Van die 272 erwe in fase een is 263 verkoop en in die aftree-ontwikkeling is 38 uit 307 beskikbare erwe verkoop.

Talle kopers kom uit die omgewing en omliggende dorpe soos Oos-Londen en Port Alfred. Heelwat belangstelling is ontvang uit Johannesburg en van Suid-Afrikaners wat in Londen woon.

Page sê die helfte van die kopers is 60 jaar en ouer. Pluspunte van dié aftree-ontwikkeling is die nabyheid aan 'n winkelsentrum, mediese geriewe, 'n daaglikse busdiens na die stad ,asook veiligheid.

Oordrag van erwe in fase een word teen Februarie 2008 verwag wanneer eienaars met die bou van woonhuise sal kan begin. Oordrag vir die aftree-ontwikkeling behoort teen Augustus volgende jaar plaas te vind.

Die ontwikkelaar sê hy wil by Wedgewood dieselfde standaard stel as by die Pinnacle Point-strand-en-gholfoord by Mosselbaai, wat as een van die wêreld se 10 beste nuwe gholfbane vir 2006 aangewys is.